# JESUS ruik na HOUT

## Ruik...

Hout is een van die besondere geskenke wat die Here vir ons gegee het. Stap vir 'n oomblik deur jou huis en kyk en vat aan alles in jou huis wat van hout gemaak is. Gaan buite toe en vat aan 'n boom. Ruik aan die boomstam. Watter gedagtes kom by jou op as jy die geur van hout ruik.

## Lees

**Johannes 19:17-18**
**1 Petrus 2:22-24: (2020 vertaling)**

## Gesels

- Wat het vir jou uitgestaan van die teks?
- Jesus is aan 'n houtkruis vas gespyker. Watter waarde gee dit aan hout vir jou?
- Die kruis het vir ons as Christene 'n baie diep betekenis. Watter betekenis koppel jy aan die kruis?
- Gesels oor hierdie stelling: Die doodsreuk van die houtkruis het aan Jesus af gegee.
- Jesus is as onskuldige man gekruisig. Wat beteken dit vir jou dat iemand onskuldig vir jou sonde moes boet?

## Kyk

Luister na hierdie lied https://youtu.be/qRnchLEaiH8?si=bqspdu7jLbLDgrrz

JESUS ruik na HOUT

## Dink

- As deel van ons roeping as Christene is om ook ons kruis op te neem.
- Waarom word ons as Christene geroep om dit te doen?
- Lees Mat 10:38. Hoe neem jy jou kruis op en volg Jesus?
- Waarom sien ons so min kruisdraers vandag?

## Wandel

- Een van ons waardes is om ‘n verskil te maak in die wêreld. Hoe kan jy as kruisdraer ‘n verskil n die wêreld of jou nabye omgewing maak. Wees prakties in jou antwoord.
- Gaan sit vir 20 minute rustig onder ‘n boom. Geniet die klanke wat jy hoor terwyl jy onder die die boom sit. Ruik jy die hout? Wat is op jou hart wat jy met die Here wil deel.

## Bid

Deel gebedsversoeke en bid vir mekaar. Bid vir ‘n geseende Paastyd.